

Die gebeure ná ons sterwensomblik

U reken dalk dit is nie nodig om nou al aan u sterwensomblik te dink nie! Die Skrif neem alle vrees weg en troos ons juis met die gebeure ná ons sterwensomblik. Wanneer 'n mens jou laaste asem uitblaas, gebeur daar volgens die Skrif verskeie dinge: My siel verlaat my liggaam en word dadelik tot Christus opgeneem (vgl. Luk 16:22). Ons duurgekoopte siel kan nie in die stof bly lê nie, maar word verby ons ruimte- en tydswette (wat dan nie meer geld nie) opgeneem deur die wolke en sterrehemel die pèrelpoorte in (vgl. Ps 73:24).

My siel gaan nie, soos die Jehova-getuies reken, iewers “slaap” of “rus” nie. Nee, die volle vreugde word dadelik myne. Jesus het immers vir die misdadiger aan die kruis gesê: “Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.” (Vgl. ook Fil 1:23.) My siel gaan ook nie met my sterwe in 'n ander liggaam in nie. Na watter liggaam sal die siel dan eendag gaan met die wederkoms as elke mens voor God moet verskyn? (Vgl. Heb 9:27.)

In 'n tyd van soveel geweld het ek die troos dat my siel onaantasbaar is vir die aanvalle van mense. Ek mag sterf onder misdadigers se hande, maar my siel gaan in ewige hande onvernietig deur alles verby hemel toe. Met die wederkoms van Christus sal my verheerlikte liggaam met my siel herenig word (vgl. 1 Tess 4:16-18). Dan sal ons almal sonder liggaamlike gebreke wees – siende, horende, lofsingend by die Here. Die sterwensomblik is nie die uitblaas van 'n lewensvlam nie, maar die blye dagbreek van 'n nuwe lewe wat kom.

Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)

~~~~~